

KOMMUNIKAMMA



TEKS vir die WEEK:

PSALM 1 : 1-3 *"Dit gaan goed met die mens wat nie die raad van die goddelose volg nie, nie met sondaars omgaan nie en met ligsinniges saamspan nie, maar wat in die Woord van die Here sy vreugde vind en dit dag en nag oordink. Hy is soos 'n boom wat by waterstrome geplant is, wat op die regte tyd vrugte dra en waarvan die blare nie verdroog nie."*

SAKE vir GEBED:

*Dankie aan ons God dat Hy ons gemeente so geseën het met 'n wonderlike "WEEK van GEBED" wat deur ons twee predikante gelei is.

*Ons dank ons Vader dat ons weer vandag as Kraggakamma gemeente kan saamkom en die Belydenis aflegging van 10 van ons jongmense kan bywoon. Ons bid Sy seën op hulle en hul ouers af.

*Loof die Heer vir die lieflike en welkome reën wat by ons en ander plekke geval het, maar ons smeeek God dat Hy ook die sluise van die hemel sal open oor ons opvanggebiede en die gebiede waar dit so ontsettend droog is.

*Dank die Heer vir die goeie nuus dat van ons lidmate weer werk in ons stad gekry het. God is goed.

*Dank God dat Martyn Nel so vinnig herstel na sy groot hartoperasie.

*Dank aan ons Vader dat Leon Nel ook beterskap toon.

*Dank die Heer dat daar geen gewas op Gerrit Coetzee se oor is nie en bid dat hy spoedig sal herstel van erge griep.

*Bid vir Lizette Geldenhuys wat swaar kry met die behandeling wat sy ontvang.

*Bid vir Dossie Nortje wat weer geopereer is.

*Bid vir Ina, oom Jan Schnetler dogter, met wie dit glad nie goed gaan nie. Bid ook vir oom Jan en die familie.

*Ons dra vir Willie Esterhuizen aan die Here op en bid vir Sy genade. Ons glo dat hy ook hierdie uitdagingsal oorkom.

*Bid vir al die siekes in hospitale, versorgingseenhede en tuis. Bid vir die versorgers en verpleegsters wat met soveel liefde en deernis na hulle omsien.

*Dank die Here vir Sy seën op die werk wat in Kleinskool plaasvind. Moet asseblief nie ophou om vir die werkers en die gelowiges daar te bid nie. Sonder julle gebede is dit onmoontlik om die werk voort te sit.

*Ons dank ons Hemelse Vader vir al ons sendelinge wat so hard werk om die Koninkryk van God uit brei. Party van hulle doen baie gevaarlike werk, en tog antwoord hulle as Hy roep. Ons gaan saam met hulle op ons knieë en bid Sy seën en beskerming oor hulle elkeen.

SONDAG 16 FEBRUARIE 2020

09:00 Gesamentlike diens

Geen kategese of Kamma Kidz

Baie geluk aan die jongmense wat vanoggend belydenis van geloof aflê:

Ina Botes, Jean-Mari Mulder, Jané Nel, Dylan Opperman, Liné Redpath, Linzi Scholtz, De-Leon Strydom, Chantené van Biljon, Carika van Heerden en Rhenoldu van Niekerk.

* Melissa Hamilton en Juan van Rooyen lê op 8 Maart belydenis van geloof af.

Deurdankoffer is 'n Sinodale dankoffer vir Hospitaalbediening

Daar is Kerkbodes by die deure beskikbaar

Teebeurt Sondag 23 Feb: Dahlia sel

MAANDAG 17 FEBRUARIE

12:45 – 14:00 Gebedsgeleentheid in die gebedskamer.

DINSDAG 18 FEBRUARIE

18:30 Al die vroue word hartlik uitgenooi na die ViA Afskop in die kerksaal.

Tema: LAG, DANS, BID.

Mariette is ma en jeugwerker van Humansdorp. Sy sal jou aanspoor met woema en 'n huppel in elke ma (en ouma) se stap sit.

Kom geniet 'n bakkie vrugteslaai en roomys.

Bring asb iets vir die noodspens saam.

19:00 #Leefkerk.

WOENSDAG 19 FEBRUARIE

19:00 Kerkraadsvergadering.

VRYDAG 21 FEBRUARIE

MANNEBYEENKOMS

05:00 Ons kom by Elandré Bosch, Lilylaan 68 bymekaar. Al die manne, ook jongmanne, is welkom.

There4 se gebedsversoek vir die komende week is:

*****Bid saam met die Somaliërs in die Horing van Afrika dat hulle hul tot God sal wend wanneer hulle in onrus verkeer. Bid saam dat hulle 'n honger en 'n dors na die God van geregtigheid sal hê.**

SONDAG 23 FEBRUARIE

09:00 Gesamentlike nagmaalsdiens.

Lydensweke begin.

Geen kategese of Kamma Kidz

Na die diens is daar 'n afskeid van Benji in die kerksaal.

*****Sal elke gesin wat kom teedrink asseblief 'n bord eetgoed saambring.**

FONTEINVRIENDE 27 FEBRUARIE

Datum: 27 Februarie

Tyd: 09:30 in die kerksaal

Fonteinvriende nooi almal uit na 'n oggend saam met **Yoti die Griekse boertjie**. Hy sing ligte Afrikaanse liedjies met 'n Griekse aanslag.

Daar sal heerlike verversings aangebied word.

Daar is nie 'n toegangsfooie nie, maar wel 'n vrywillige kollekte.

MATHYS ROETS OPTREDE

28 FEBRUARIE OM 19:00

Bring 'n piekniekmandjie en kom luister na Mathys Roets in Kraggakamma kerksaal.

Kaartjies is **R120** per persoon en kan voor en na eredienste gekoop word in voorportaal van kerk, asook gedurende die week by die kerkkantoor.

LOUISA MEYBURGH TEHUIS: OGGEND TEE

4 April 2020 om 10:00 in Kraggakamma kerk.

Almal word hartlik uitgenooi na die oggendtee ten bate van die Tehuis vir 'n fondsinsameling.

Sandra Prinsloo is ons gasspreker en verversings word na die tyd in die saal bedien. Kaartjies kos **R130** en is beskikbaar by Marlene Postma (041-3605243) of Ansie Vorster (041-3794169).

KONTAKKAART

'n Groen kontakkaart waarop jy jou besonderhede kan aandui as jy 'n nuwe intrekker is, iemand in die gemeente wat siek is kan aanmeld, 'n afspraak met 'n leraar kan maak, voorbidding versoek, 'n wenk aan die hand kan doen of by die gemeente se dienswerk kan betrokke raak, is in die voorportaal beskikbaar. Vul asseblief jou besonderhede op die kaart in en gooi dit in die bussie wat ook in die voorportaal is.

Teken gerus in op ons e-nuusbrief by:

kuberkamma@ngkraggakamma.co.za

VERVOER GESOEK

Die afrigter van 'n swemskool in Sherwood het aangebied om een keer per week gratis swemlesse vir drie kinders en 'n volwassene van Groenbossies Place of Hope, te gee.

Ons soek mense wat bereid is om hulle een keer per week op 'n Vrydagmiddag by Groenbossies op te laai en terug te neem.

Dit sal in die namiddag na skool wees.

Die swemlesse is gewoonlik 'n halfuur lank en die persoon kan sommer by die swemplek wag om hulle weer huis toe te neem.

Kontak Anita by (072 210 1871) indien jy bereid is om te help asseblief.

Maart Malligheid word Julie Jolyt -

As gevolg van verskeie botsing is daar besluit om hierdie pret-aand joligheid na 31 Julie te skuif. Dit sal almal wat wil deelneem meer kans gee om te beplan en te oefen. Ons sal nader aan die tyd meet informasie deurgee.

Evaluering van Comprehensive Sexuality Education (CSE).

Badisa is 'n gesamentlike bedieningsaksie van die NG Kerk (Wes- Kaap) en die VGKSA (Kaapland) wat fokus op maatskaplike nood. In hul kapasiteit as geregistreerde kinderbeskermingsorganisasie wat verbind is tot die beste belang van die kind, het hul drie van hul kinderbeskermingspesialiste gevra om die hele CSE-kurrikulum te bestudeer en daaroor terugvoer te gee. Hier is van die terugvoer:

* Die kurrikulum is wetenskaplik akkuraat en leer kinders om korrekte terminologie te gebruik. Dit is van kritieke belang aangesien seksuele misbruik so gereeld ongesiens verbygaan en kinders nie weet hoe om te praat oor wat met hulle gebeur nie.

* In die meeste gevalle is die materiaal ouderdomsgepas en dit spreek kritieke scenario's aan waarin kinders die geleentheid het om te oefen om positiewe keuses te maak en begrip te ontwikkel vir die gevolge van hul keuses.

(Uit die Kerkbode)

ALMANAKKE 2020

***** Indien daar lidmate is wat nog nie 'n almanak vir 2020 ontvang het nie, kom kry asb een by die kantoor na die eredienste op Sondag of gedurende die week.**



Gebruik SnapScan en betaal jou:
Dankoffer
Maandelikse Bydrae
Donasie, ens..